# RUILWAARDE.

Hierdie keer wil ek my beperk net tot die bespreking van enkele van ons Ruilnommers.

Die eerste aan die orde kom „Die Huisgenoot", ongetwyfeld die beste Afrikaanse—ek wou sê Suid-Afrikaanse—weekblad. Die ontstaan en opkoms van „Die Huisgenoot" is op hierdie tydstip seker in die gedagtes van alle Afrikaners, veral weens die heengaan van een van die oprigters en jarelank een van die redakteurs daarvan, nl. prof. J. J. Smith. In verskillende uitgawes, o.a. 8 en 22 Julie, herdenk die blad die heengaan van hierdie geniale Afrikaner wat so baie gedoen het vir die ontwikkeling van ons taal en letterkunde. In die tweede plek moet ons daarop wys dat „Die Huisgenoot" sinds begin Mei ook van redakteur verwissel het. In die uitgawe van 29 April neem die vorige redakteur, J. M. H. Viljoen, wat 18 jare lank met onderskeiding die leiding van die blad op hom gehad het, afskeid van sy lesers. Dit is inderdaad 'n groot verlies vir ons Afrikaanse kultuurlewe dat hierdie bekwame joernalis die tuig neergelê het. Ons wil hom bedank vir wat hy gedoen het en die hoop uitspreek dat hy nog jarelank ons volk van diens mag wees. In die uitgawe van 6 Mei maak A. M. van Schoor, die nuwe redakteur, sy buiging. Mnr. van Schoor is besonder goed onderlê en voorberei vir hierdie gewigtige werk. Veel het hy al gedoen. Ek herinner net hier aan sy skitterende onderneming „Fleur" wat ongelukkig die vlag moes stryk—nie weens gebrek aan redaksionele bekwaamheid of onderneming nie. Ons wil mnr. Van Schoor van harte verwelkom in sy nuwe werkkring en die hoop uitspreek dat hy in „Die Huisgenoot" minstens enkele van sy „Fleur"-ideale sal kan verwesenlik. 'n Lang en vrugbare leiding word aan hom toegewens.

Die tweede tydskrif waarop ek graag weer hier die aandag wil vestig, is die maandblad „Kort en Goed" wat gereeld die beste van die beste in die wêreld die lesers aangebied het. Vanaf Julie verskyn dit as „Die Nuwe Kort en Goed." Die oorspronklike tydskrif is gestig deur dr. Hj. Reitz en het vir jare aan ons uiters interessante en waardevolle leesstof gebied. In die nuwe vorm word „in byvoeging by uittreksels van die wêreld se beste tydskrifte en dagblaaie 'n aantal nuwe glanspunte wat maandeliks sal verskyn, bevat o.a. 'n oorspronklike hoofartikel vir Suid-Afrikaners van belang, volledige afdelings foto's, 'n boeke-oorsig." Ook die formaat is gewysig, en dit sal voortaan die sgn. „middeleeuse" formaat wees. Wie die nuwe redaksie is, word nie vermeld nie, maar die nuwe eienaars en uitgewers is „Kort en Goed (Edms.) Bpk.", 1 Hochstetterhuis, Andriesstraat, Pretoria, en die nuwe drukkers: Caxton Bpk., Pretoria. Ons wil ook hierdie tydskrif in sy nuwe vorm alles van die beste toewens. Die eerste nommer maak 'n baie gunstige indruk.

Ook op die redaksie van „Die Geref. Vaandel," Stellenbosch, het daar verwisseling ingetree. Prof. dr. E. E. van Rooyen, een van die oprigter-redakteure van die blad, moes om gesondheidsredes aftree—hy bly egter nog in ere-hoedanigheid daaraan verbind. Die huidige redaksie bestaan uit: proff. D. Lategan en F. J. M. Potgieter en ds. J. D. Vorster. Hierdie verandering tree in met die April-Mei-uitgawe. Die blad is een van die suiwerste gereformeerde blaaie in ons land, en dit het in die jare van sy bestaan alreeds baie gedoen in belang

van die gereformeerde leer en tradisies in ons geliefde land. „Met die Psalmis wil ons die Vaandel omhaag steek," sê die nuwe redaksie in die uitgawe. Die blad gaan wat sy uiterlike en sy innerlike betref op die ou paaie voort. In dié uitgawe is daar 'n aantal waardevolle artikels oor ons onderwys o.a. deur prof. H. G. Stoker, prof. Potgieter self, mejj. Hettie van Rensburg en Babsie Barnard. In die Junie-uitgawe word verwys na die besoek van prof. dr. J. Waterink—'n feit wat in byna alle ruilnommers met groot waardering aan prof. Waterink in herinnering gebring word.

„Hervormde Teologiese Studies," vir die bevordering van die Bybels-reformatoriese teologie in Suid-Afrika en onder redaksie van vooraanstaande lidmate van die Ned. Herv. Kerk, word besonder knap geredigeer. Die Junienommer bevat 'n lang artikel deur prof. S. P. Engelbrecht oor „Ds. Dirk Postma voor sy koms in Suid-Afrika" en 'n uiters interessante bydrae deur prof. B. Gemser oor „Die Jerusalemse Boekrolle" en verder 'n aantal deeglike resensies. „Op die Horison", kwartaalblad van die Ned. Geref. Kerk i.v.m. die Sending en verwante vraagstukke," onder redaksie van prof. G. B. A. Gerdener, is 'n tydskrif wat ook vir nie-Ned. Geref. lesers van die grootste belang is. Die Junie-uitgawe bevat o.a. 'n pragtige lesing deur prof. W. W. M. Eiselen oor „Toe en Nou in Naturelle-onderwys," 'n bespreking van „die inmenging van die Rooms-Katolisisme in die Sendingvelde" deur eerw. A. Hartmann en 'n artikel oor „Orlando" deur dr. Hugh Ashton.

„Tydskrif vir Wetenskap en Kuns," orgaan van die S. Afr. Akademie vir Wetenskap en Kuns is seker die gewigstigste tydskrif in ons land: swaar en uiteenlopend wat sy inhoud betref. Deurdat dit alle gebiede dek, word dit vir meeste lesers 'n tydskrif wat net ingeblaai word om 'n enkele artikel te lees. So gou dit maar enigsins kan, behoort die S. Afr. Akademie aparte uitgawes vir die afsonderlike Fakulteite uit te gee. 'n Inhoudsopgawe van die uitgawe van April sal dit aantoon: die Eksistensialisme, die Bevolkingsvraagstuk, Nederlands by die Onderwys, Vloltasie, Musiek van Boniface, die Afrikaanse Fonemse, die Latynse „Satura," Bibliografie en Boekbesprekings.

„Philosophia Reformata," orgaan van „De Vereeniging voor Calvinistische Wijsbegeerte" onder redaksie van drs. J. Bohatec, H. Dooyeweerd, H. G. Stoker, C. van Til en D. H. Th. Vollenhoven, is tans in sy 14e jaargang. Dit is 'n tydskrif gewy veral aan probleme van Die Wysbegeerte van die Wetsidee. Die 1e uitgawe van 1949 bevat o.a. twee besonder goeie artikels: „Rondom het biologisch Soortbegrip" deur drs. J. Lever en „Taalkunde en Taalbeschouwing" deur H. deJongste. Dit is 'n tydskrif wat bestudeer moet word.

J. CHR. COETZEE.